



16 Augustus 2018

Geagte Ouer

Baie dankie vir almal se samewerking om die handboeksisteem vlot te laat verloop. Ons bring graag die volgende sake vir 2019 se handboeke onder u aandag.

#### **HANDBOEKE 2019**

Die handboeke is die eiendom van die skool en u kry dus **GEEN** terugbetaling daarvoor nie. Die koste wat u betaal vir die handboeke is om dit te gebruik vir die jaar, asook vir die aankope van nuwe handboeke en om verslete handboeke te vervang. Handboeke wat nie deur die WKOD voorsien word nie, word ook hieruit gefinansier. Aan die einde van die betrokke jaar handig u die handboeke weer by die skool in.

#### **KOSTES VAN HANDBOEKHUUR**

Die betaaldatum van handboekgelde vir 2019 is vervroeg om die bestelling, aflewering en bedinging van beter pryse te verseker. Dit vergemaklik die kontrole van handboeke sodat minder kostes aangegaan moet word.

**Leerders ontvang dus handboeke vir die jaar vir R480.00.** Alle handboekgelde **MOET** teen **Maandag 1 Oktober 2018** by die skool inbetaal word. As hierdie bedrag nie inbetaal is nie, sal leerders nie hulle handboeke vir 2019 ontvang nie.

U word dus vriendelik versoek om die handboekgelde voor die sperdatums hieronder te betaal om sodoende enige misverstande tussen die leerders en personeel te vermy.

Die bedrag kan ook in twee paaiemente by die skool inbetaal word, naamlik:

31 Augustus 2018	-	R240.00
1 Oktober 2018	-	R240.00

Handboekgelde kan kontant inbetaal word by die Finansieskantoor of verkieslik elektronies in die skool se bankrekening:

**Bankbesonderhede:** HS Bellville  
ABSA Tjek Reknr : 1450 390077  
Takkode : 632005  
**VERWYSING :** Toelatingsnommer van leerder en huidige graad en seksie (Bv. 16121 Gr 9.2)



1937 – 1966



1967 – 1994



1995 – 2018

**NEEM ASB KENNIS:** Die volgende handboeke is nie ingesluit by die handboekhuur nie:

IGO-Werkboeke

Musiek

Fisiese Wetenskappe word gedeeltelik gesubsidieer omdat dit 'n werkboek is waarin leerders skryf en vir hulle Gr 11 en 12 jaar hou.

### **LET WEL:**

Dit is baie belangrik dat die korrekte verwysingsnommer gebruik moet word aangesien dit oneindig baie probleme veroorsaak as ouers nie die korrekte verwysing gebruik nie.

Indien u die handboekgelde EFT moet u asseblief die bewys van betaling vir u kind/ers uitdruk of die bewys epos aan [srose@hsbellville.co.za](mailto:srose@hsbellville.co.za)

**BAIE BELANGRIK:** GEEN KWITANSIE KAN DEUR DIE FINANSIESKANTOOR UITGEREIK WORD AS GELDE ELEKTRONIES IN DIE SKOOL SE BANKREKENING INBETAAL IS NIE.

Indien u handboekgelde nie teen 1 Oktober 2018 betaal is nie en u het geen skriftelike reëling met die skool getref nie verhoog die betaling van handboeke na R580 om addisionele administrasiekostes te verhaal.

U is nie verplig om die handboeke deur middel van die skool se stelsel aan te skaf nie. Indien u dit sou verkies, kan u dit direk by die verskaffers aankoop. U moet die skool egter in kennis stel.

### **INHANDIGING VAN HANDBOEKE**

Op spesifieke datums tydens die November eksamen sal leerders gevra word om hul handboeke in te lewer. Handboeke sal op die stelsel ingeskandeer word. Die leerder moet dus die **spesifieke** boek wat aan hom/haar uitgedeel is, inhandig.

Indien 'n leerder nie 'n handboek inhandig nie, sal hy vir die koste van 'n nuwe handboek aanspreeklik gehou word. Indien 'n leerder se handboeke nie alles ingehandig is nie, sal hy/sy ook geen nuwe handboeke kan ontvang nie.

### **ONTVANGS VAN HANDBOEKE (2019)**

Slegs leerders wat al hul boeke aan die skool terugbesorg het en die R480 betaal het, sal hul handboeke teen die einde van die laaste kwartaal ontvang.

### **SKRYFBOEKE**

Alle skryfboeke word deur die skool voorsien en is by die skoolfonds ingesluit. Indien 'n leerder gedurende die jaar sy boek vol skryf, **moet ouers self ekstra boeke soos benodig aankoop.**

Vriendelike Bellville-groete.



Deon du Plessis  
SKOOLHOOF